# KONSTITUSIE

EN

# REGLEMENT van ORDE

van die

## Nederduits Geref. Vrouebond

(Chubut, Argentinië)

Gestig die 6de Februarie 1926.

---

*1 Kor. 14 v. 10.*

# KONSTITUSIE

EN

# REGLEMENT van ORDE

van die

## Nederduits Geref. Vrouebond

(Chubut, Argentinië)

Gestig die 6de Februarie 1926.

---

*1 Kor. 14 v. 10.*

---

Nasionale Pers, Beperk, Kaapstad.

Hiermee word gesertifiseer dat..........................................................................

.................................................... (Ere) lid is van die Ned. Geref. Vroue-

bond, Chubut, Argentinië.



Comodoro Rivadavia, ........................................................... 192.....

..................................................                ..............................................

*Sekretaris(esse).*                *Presidente.*

Hiermee word gesertifiseer dat..........................................................

................................................ (Ere) lid is van die Ned. Geref. Vroue-

bond, Chubut, Argentinië.

Comodoro Rivadavia, ................................................ 192......

.............................................  .............................................

*Sekretaris(esse).* *Presidente.*

# NED. GEREF. VROUEBOND VAN CHUBUT.

## DIE KONSTITUSIE.

### I.

### NAAM, DOEL EN WERKSAAMHEDE.

1. Die naam van die Vereniging is:— "Die Nederduits Gereformeerde Vrouebond."
2. Die doel en werksaamhede van die Bond sal wees om onder die toesig van die Nederduits Gereformeerde Kerk, te werk vir:—
   *a*. Die belange van die Nederduits Geref. Kerk van Chubut, Argentinië.
   *b*. Die belange van die 'Armesorg' en alle hulpbehoevende en noodlydende.
   *c*. Die belangrike saak van die 'Onderwys' en 'Opvoeding.'
   *d*. Medewerksaam te wees teën alles waardeur die Sabbatdag ontheilig en meer 'n dag van plesier en arbeid word.

3. *Die lede verbind hulle:—*
   *a*. Hulle Kerk in alles te ondersteun en hulle kinders van jongs af 'n voorliefde vir die Kerk van hulle voorouers in te boesem.

b. Hulle taal, hetsy Afrikaans of Hollands te waardeer en soveel moontlik as skryf- en spreektaal te gebruik.

c. Goeie boeke, geskrywe in die tale, te help versprei en veral die kinders aan te moedig om die Suid-Afrikaanse Geskiedenis te lees en te leer.

## II.

## TAKKE, LIDMAATSKAP EN BESTUUR.

1. Takke van die Bond sal en kan gestig word, waar verlang en doelmatig, in alle wyke of afdelinge van die Boer-kolonie of in die Territorio van Chubut.

2. Lede kan word alle vroue, en jongedogters bô die 16 jaar, behorende aan die Nederduits Gereformeerde Kerk.

   En vroue en jongedogters bô die 16 jaar van enige Protestantse Kerk en die suiwer van gedrag is, by onderwerping aan die Konstitusie en bepalinge van die Ned. Ger. Vrouebond, en by overlegging van hulle getuigskrifte en na goedkeuring van die Bestuur.

3. Ere-lede kan word manne van Protestantse geloofsbelydenis en van onbesproke wandel. Sulke lede sal in g'n geval reg van stemming hê nie, of op die Bestuur kan dien nie, en kan slegs vergaderinge bywoon, sonder deelneming daaraan, op skriftelike uitnodiging ondertekend deur die Presidente, die Sekretaris(esse) met twee lede van die Bestuur.



4. Die Bestuur van die Bond sal bestaan uit een of twee lede van iedere Wyk buite en behalwe Wyk No. 1 of Com. Rivadavia, wat bestaan sal uit vyf lede. Die lede sal in diens bly vir één jaar, wanneer hulle sal aftree, maar herkiesbaar wees.

   Die Bestuur sal gekies word as volg:—

   a. Elke wyk kies sy lede.

   b. Die gekose lede kies uit hulle getal, 'n Presidente; 'n Vise-Presidente: 'n Sekretaris(esse) en 'n Tesourier(e) wat algar sal dien vir één jaar, maar sal herkiesbaar wees.

   c. Die staande Bestuur bly in funksie tot die nuwe Bestuur gekies is, en in geval van 'n vakature gedurende die jaar, kan die Bestuur dié aanvul met meerderheid van stemme.

   Wanneer die Presidente, die Vise-Presidente, die Sekretaris(esse) of die Tesourier(e) weiër om hul pligte uit te voer, sal die Bestuur dit beskou as 'n bedanking as Bestuurslid en neerlegging van amp; of, wanneer sy of hulle in hulle amp met opset werksaamhede van die Bond belemmer of verhinder, dan sal dit in die beslissende mag van die Bestuur lê om met meerderheid van stemme te verklaar dat sodanige belemmering of verhindering

'n bedanking as lid, en neerlegging van amp is, en sal die Bestuur sonder versuim die veroorsaakte vakature in beide gevalle vermeld aanvul volgens hierbôstaande bepaling. Ingeval van enige verset teen die bevinding van die Bestuur deur sodanige weerspannige amptenares of lid, het die Bestuur die reg van beroep op die Kerkraad van die Ned. Geref. Kerk vir beslissing en uitvoering van tug.

*d*. Sodanige verkiesing vermeld hierbô in letters A. en B. sal plaasvind by die Algemene Vergadering van lede wat gehou sal word in Com. Rivadavia, minstens éénmaal in die jaar en nie later nie dan die 15de van Maart in elk en ieder jaar. Buitengewone Algemene Vergaderinge kan, naar goedvinding van die Bestuur belê word.

*e*. Die Kworum van 'n Bestuursvergadering sal wees nie minder nie dan vier lede, en die Kworum van 'n Algemene Vergadering 1/5de van die Lede-Register se getal.

*f*. Die Bestuur trek sy eie Reglement van Orde op, en dit sal in die eerste instansie deur die Algemene Vergadering moet bekragtig word, waarna die Bestuur na goedvinding wysiginge of aanvullinge kan maak deur meerderheid van stemme, en te word bekragtig deur die eerskomende Algemene Vergadering. Sodanig Reglement van Orde sal geld ook vir Algemene Vergaderinge.



*g*. Van alle handelinge of besluite deur die Bestuur sal in die laaste ressort beroep of appél wees op die Algemene Vergadering wie se uitspraak by meerderheid van stemme finaal en bindend sal wees.

*h*. Die lede van Wyk No. 1. C. R. en van No. 2, Escalante, diensdoende op die Escalante Bestuur, tesame met die Presidente of Vise-Presidente en Sekretaris(esse) sal lopende die diensjaar Bestuursvergaderinge kan beroep, en hou, waar noodsaaklik beskou, sonder kennisgewing aan die buite en vèr afgeleë Wyke. Alle verrigtinge deur sodanige vergadering sal wettig wees, onderworpe aan die laasvoorafgaande bepaling in letter *g*.

Die Bestuur sal in sy vergadering die stemming by volmag of "proxy" reël so spoedig as moontlik.

## III.

## NOTULE, ARGIEWE EN ONDERHANDELINGE.

1. Van èn die Algemene- èn die Bestuursvergaderinge sal in 'n daartoe bestemde boek of boeke behoorlik Notule gehou word van alle verrigtinge en besluite, in Afrikaans of Hollands, en by die volgende respektiewe

Vergaderinge deur die Presidente of haar plaasvervanger, en die Sekretaris(esse) onderteken word vir korrek, na goedkeuring deur die Vergadering.

2. Alle briefwisseling aan en deur die Bond, en alle offisiële stukke sal deur die Sekretaris(esse) behandel word, "en alle geëkspieërde stukke" gestel word in die Afrikaanse of Hollandse taal tensy omstandighede die gebruik van 'n ander taal onvermydelik of noodsaaklik maak.

3. Die Argiewe en Finansiële boeke en stukke van die Bond sal behoorlik gehou en bewaar word deur die Sekretaris(esse) en Tesourier(e) respektiewelik die elk voor sodanige desbetreffende stukke, boeke en argiewe verantwoordelik sal wees aan die Bestuur.

4. Alle bydrae en geldelike steun of andersins is suiwer vrywillig en die lede van die Bond onderneem om maandeliks 'n vrywillige bedrag te start van een peso ($\$1\frac{50}{100}$) m/n vir bestryding van administrasie onkoste en 'n fonds vir die Bond. Die wyse van invordering en beheer van die fondse van die Bond, sowel as van alle vry gifte sal bepaal word deur die Reglement van Orde.

5. By die einde van ieder bestaanjaar sal die geldelike administrasie van die Bond geouditeer word deur 'n persoon of persone deur die Bestuur te word benoemd uit hulle midde of andersins soos sal goed en raadsaam word gevind en sal skriftelik rapport oorhandig aan die Bestuur.



C. Die Seël van die Bond berus in die sorg van die Sekretaris(esse) en sal slegs gebruik word by die uitreiking van offisiële stukke en briewe geëkspieërd deur die Sekretaris(esse) of die Tesourier(e) of hulle assistente.

## IV.

## VERANDERING VAN DIE KONSTITUSIE.

Die Konstitusie kan slegs verander of aangevul word deur 'n meerderheid van minstens die helfte (50 persent) stemme van die lede van die Bond, en na skriftelike kennisgewing aan die Sekretaris(esse) minstens veertien dae vóór die Vergadering waarop so'n verandering sal bespreek word.

Lede:

w.g. M. E. van der Walt.
,, C. Sadleir.
,, E. Visser.
,, M. Roux.
,, A. Greyling.
,, S. Peach.
,, Cath. Conradie.
,, H. Stegmann.
,, E. Treurnicht.
,, S. Biggs.
,, H. Myburgh.
,, F. D. Conradie, Ere-Sekretaris.

## REGLEMENT VAN ORDE.

vir alle Bestuurs- en alle andere Vergaderinge van die Nederduits Gereformeerde Vrouebond opgestel deur die Bestuur in terme van Art. II seksie 4 letter *f* van die Konstitusie en bekragtig deur die Algemene Vergadering gehou te Comodoro Rivadavia die 6de dag van November 1926.

* * * * * *

### I.

### SAMESTELLING EN VERKIESING VAN DIE BESTUUR.

Die Bestuur is samegestel en word gekies soos vasgestel in Art. II seksie (4) van die Konstitusie en bestaan uit die gekose lede van die verskillende Wyke met die Sekretaris en Tesourier aangestel deur die Bestuur, nie lid synde van die Bond nie, naar aanleiding van omstandighede, sonder stem en reg van diskussie en tree slegs op administratief en adviserend, soos neergelê in Besluit van die Prowisionele Kommissievergadering d.d. 5 Februarie 1926, Art. 3(5) en bekragtig deur die Algemene Vergadering d.d. 6 Februarie 1926 in Art. 5.



### II.

### DIE VERGADERINGE.

1. Alle Bestuursvergaderinge word byeen geroep deur skriftelike kennisgewing ondertekend deur die Sekretaris(esse) handelende onder instruksies van die Presidente en Vise-Presidente, of op versoek van minstens drie lede van die Bestuur.
2. Alle Algemene Vergaderinge word belê deur die Bestuur en sal voldoende skriftelike kennisgewing deur die Sekretaris(esse) aan ieder Wyk gegee word van die plaas, datum en uur van die Vergadering.
3. Alle Vergaderinge van die Bond sal ter plase, op datum en uur, aangegee in die kennisgewing geopend word deur die Presidente; by gebreke van haar deur die Vise-Presidente; by gebreke van haar deur een van die teenwoordig synde lede van die Bestuur, sodra daar 'n kworum aanwesig is. So'n geopende Vergadering kan verdaag word, na goedkeuring van die teenwoordig synde lede, deur meerderheid van stemme.
4. Die Presidente, of Vise-Presidente, of hulle plaasbekleedsters, naar die geval mag wees lei die Vergadering (tensy soos bepaal in Art. I van die Reglement van Orde) en open en sluit die Vergadering met gebed, of versoek een van die susters sulks te doen.

Die presiderende Presidente, of Vise-Presidente of lid, het slegs 'n beslissende stem, wanneer die stemme staak.

## DIE VERRIGTINGE.

1. Sodra die Vergadering geopend is sal die Sekretaris(esse) die Notule van die laaste Vergadering lees, en dit word goedgekeurd en onderteken soos neergelê in die Konstitusie.

   G'n lid wat afwesig was van die Vergadering waarvan die voorgelese Notule word voorgelees kan beswaar inbring teen gemelde Notule nie, maar sal die reg hê sonder opgawe van rede om haar stem teen enige daarin voorkomende Besluit te laat notuleer.

2. Vervolgens sal met die besprekingspunte voorkomende op die Agenda in volgorde gehandel word. Enige punt of onderwerp, sal kan word uitgestel vir later bepreking, of ter bespreking, of ter behandeling by die volgende vergadering of verwys word naar 'n Kommissie om daaroor later rapport in te bring.

3. Na afhandeling van die Agenda sal behandel word alle andere sake wat voorgebring sal word.

4. G'n lid sal die reg hê meer dan éénmaal oor dieselfde onderwerp te praat nie, tensy



daartoe versoek deur die Voorsitter(ster) ter opheldering, of om 'n fout te rektifiseer. Alle lede sal staande die Vergadering toespreek en hulle voeg naar die Voorsitterstoel. Enige lid wat 'n voorstel maak op enige onderwerp sal by wyse van repliek die reg hê om tweemaal te praat daaroor.

5. Elke voorstel moet gesekondeer word om onder bespreking te kom en wanneer daar meer as een voorstel is oor dieselfde onderwerp, sal die eerste die *Voorstel* wees en die andere die *Amendement* of *Amendemente*, en sal in stemming gebring word beginnende met die laaste en opgaande naar die eerste.

6. Sodra 'n amendement word aangeneem wat 'n saak, punt of onderwerp beslis, verval al die andere amendemente en die voorstel en word daaroor nie gestem nie.

7. Alle punte van geskil en van orde sal dadelik deur die Voorsitter(ster) beslis word. Sodanige beslissing sal slegs kan verander word, nadat enige lid die haar daardeur verongelyk ag haar op die Vergadering beroep het, en die met 'n meerderheid van minstens twee-derdes van die aanwesige lede besluit dat die beslissing verkeerd was.

8. By gebreke van enige voorsiening hierin omtrent die prosedure van die Vergaderinge en in alle andere gevalle wat ook, sal die Reglement van Orde van die Kerkraadvergadreinge van die Ned. Geref. Kerk van toenassing en van krag wees.

## FINANSIË.

1. Die beheer en administrasie van alle fondse behorende aan die Bond is in die hande van die Tesourier(e) onder toesig van die Bestuur, en die Tesourier(e) bly persoonlik verantwoordelik aan die Bestuur vir alle aan hem/haar inbetaalde fondse.
2. Alle fondse behorende aan die Bond en gekollekteer en ingesamel deur die lede sal sonder onnodige versuim oorbetaal word aan die Tesourier(e) teen kwitansie onder die Bondseël om gedeponeer te word op naam van die Bond.
3. Alle uitbetalinge sal geskied, onder direkte opdrag van die Bestuur deur die Tesourier(e). Enige tjek getrek deur die Tesourier(e) sal haar/sy handteking hê en gekontrasigneerd deur die Presidente, of Vise-Presidente of hulle plaasbekleedsters.
4. Die insameling van bydraë deur die lede, en vrye gifte van vriende geskied deur die Bestuurs- of gewone lede by wyse van die kollekte-boekies soos reeds in werking en sal gemelde boekies die eiendomme bly van die Bond, en behoorlik gekwiteer word deur die Tesourier(e) by ontvangs van enig bedrag op die wyse ingesamel en oorhandig deur enige lid.
5. Verder, in afwesigheid van enig voorsiening of bepaling gemaak òf in die Konstitusie òf in die Reglement van Orde van die Bond sal die Tesourier(e) handel en optree ooreenkomstig die bepalinge in Afdeling II Art. 8(4) betreffende die pligte van die Kassier van die Kerkraad soos bevat in die Wette van die Ned. Geref. Kerk.



Lede:

w.g. M. E. van der Walt, Presidente.
,, C. Sadleir.
,, E. Visser, Vise-Presidente.
,, M. Roux.
,, A. Greyling.
,, S. Peach.
,, Cath. Conradie.
,, H. Stegmann.
,, E. Treurnicht.
,, S. Biggs.
,, H. Myburgh.

(w.g.)
François D. Conradie,
*Sekretaris.*